



Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND

Tel: 021-8548592

E-pos:

adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2026-10-22

Liewe Ouers

KONSERTFOTO'S en OPNAME

LET WEL: Hierdie twee items moet **APART** betaal word.



Ouers kan die foto's by elke klas besigtig. Koeverte **word verskaf** met die bedrae daarop. U vul die nommers van die foto's wat u wil hê op die koevert in, plaas die korrekte bedrag in die koevert en stuur dit terug skool toe. **GEEN KLEINGELD WORD BY DIE SKOOL VERSKAF NIE.** Bestellings sluit op Vrydag 6 November.

Opname bestellings word op die D6-toepassing betaal en **sluit op Vrydag 6 November.**

GRAAD R-INLIGTING:

OORSLAAPAAND (slegs vir Graad R)

Ons jaarlikse oorslaapaand vind op Dinsdag 8 Desember plaas. Die kostes beloop **R200-00** per kleuter en moet asb. voor/op Vrydag 13 November betaal word. U kan die betaling op die D6-toepassing doen. Stuur bewys van betaling aan adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za asb.

Ons tema volgende week is:
Ons persepsies:

VERVOER
Klank: **t-klank**
Getal: **10, tien en tiende**

Assessering:

Pak getalle 1 tot 10
Rangorde: eerste, tweede, ens.
Wiskundige woordeskat: Lank en kort

**Balanseerbalk
Middellynkruising**

Maandag	26 Oktober:	<i>Bring 'n uitgeknipte prentjie van 'n "t"-klankie</i>
Dinsdag	27 Oktober:	Ek maak 'n getal 10-trein
Woensdag	28 Oktober:	Ons teken vervoermiddels met 2D-vorms
Donderdag	29 Oktober:	Ek teken 'n lugballon
Vrydag	30 Oktober:	Bak-en-Brou: 'n Resieskar Lekkertjiedag en skoolhempies, asb.

GRAAD RR-INLIGTING:

BEKENDSTELLINGSDAG: SATERDAG 7 NOVEMBER

Alle graad RR-kleuters en ouers het reeds hul uitnodiging per e-pos ontvang, om op Saterdag 7 November hul nuwe graad R-juffrou te ontmoet. Al die personeel sien daarna uit om hul nuwe 2027-klasmaats te ontmoet!

GRAAD RR-AFSLUITINGSFUNKSIE: DINSDAG 17 NOVEMBER

Geen boeties of sussies nie, asb. Hierdie is ons Graad RR-maats se groot aand!! Daar is ongelukkig nie genoeg personeel om toesig oor hulle ook te hou nie.

AANTREK DAG: VRYDAG 30 OKTOBER

Om by ons tema van die week aan te pas gaan ons Vrydag 30 Oktober 'n Aantrek dag hou. Kleuters kan aantrek soos hul gunstelingsprokieskarakter, bv. Rooikappie, die wolf, een van die varkies, Gouelokkies, ens.

Ons tema volgende week is:
Ons persepsies:

SPROKIES
Getal: **4**
Klank: **o-klankie**
Vorms: **Hart**
Kleure: **Geel**

Maandag	26 Oktober:	Ons maak die <i>Drie Varkies</i> se huisies
Dinsdag	27 Oktober:	Ons maak 'n <i>Rooikappie</i> -prent
Woensdag	28 Oktober:	Ons teken die <i>Drie Varkies</i>
Donderdag	29 Oktober:	Ons teken vir <i>Gouelokkies</i>
Vrydag	30 Oktober:	<i>AANTREK DAG: 'n Sprokieskarakter</i> Lekkertjiedag

Geniet die naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel